**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**

**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saaknommer: 4573/2009

In die saak tussen:-

**GRIEKWALAND-WES KORPORATIEF BEPERK** Applikant/Eiser

en

**KAROB BOERDERY (EDMS) BPK** 1ste Respondent/1ste Verweerder

**CHARL DANIEL WILKE** 2de Respondent/2de Verweerder

---

**UITSPRAAK IN AANSOEK OM VERLOF TOT APPEL**

---

**CORAM:** KRUGER, R

---

**AANGEHOOR OP:** 1 DESEMBER 2015

---

**GELEWER OP:** 3 DESEMBER 2015

---

[1] Hierdie is ’n aansoek om verlof om te appelleer teen my uitspraak van 13 Augustus 2015. Mnr van der Walt voer aan dat ’n ander hof tot ’n ander gevolgtrekking sal kom met betrekking tot die uitleg van die skuldbewys, met verwysing na **Bothma-Batho Transport (Edms) Bpk v S. Bothma & Seun Transport (Edms) Bpk** 2014 (2)

SA 494 (HHA) paragarawe 10 tot 12. In paragraaf 12 van voormelde uitspraak sê die geleerder appèlregter dat die hof die kontrak uitlê in die lig van die relevante en toelaatbare samehang, insluitende die omstandighede waarin die dokument tot stand gekom het. Mnr van der Walt sê dat getuienis oor die bedoeling van die partye ontoelaatbaar is, en nie in ag geneem kan word by uitleg nie, met verwysing na **Coopers & Lybrand and Others v Bryant** 1995 (3) SA 761 (A) te 768A-E. Mnr Grobler sê as die dokument dubbelsinnig is, kan na ekstrinsieke omstandighede gekyk word, met verwysing na **Administrator, Cape, and Another v Ntshwaqela and Others** 1990 (1) SA 705 (A) te 715.

[2] Mnr van der Walt doen aan die hand dat getuienis dat die skuldbewys slegs met agterstalliges gehandel het, ontoelaatbaar is weens die verbod op ekstrinsieke getuienis. Ek het die skuldbewys beoordeel volgens die objektiewe voorkoms en inhoud daarvan, en spesifiek die feit dat dit nie voorsiening maak vir paaiemente van die terugbetaling van die hele R12 miljoen nie, en beslis dat dit net met agterstalliges handel. Die vraag is of daar redelike vooruitsigte is dat ’n ander hof tot ’n ander gevolgtrekking sal kom. Die feite en omstandighede van hierdie saak was ongewoon. Die skuldbewys is onduidelik.

[3] Wat rente betref, is die skuldbewys onduidelik en het die eiser na my mening nie sy saak bewys met betrekking tot die toepaslike rentekoers nie. Mnr van der Walt sê daar is redelike vooruitsigte dat ’n ander hof kan vind dat die wetlik voorgeskrewe rentekoers geld. Wat die borgskap betref, was die dokumentasie na my mening

misleidend en het die tweede verweerder bewys dat hy nie gebonde is nie. Dis sou onprakties wees om verlof tot appèl slegs gedeeltelik toe te staan.

[4] Daar bestaan redelike vooruitsigte dat ’n ander hof die saak anders sal beoordeel en tot ’n ander gevolgtrekking sal kom.

**BEVEL**

1. Verlof om te appelleer word toegestaan om na die Volle Hof van hierdie afdeling te appelleer.

2. Koste is koste in die appèl.

**A. KRUGER, R**

| | |
|---|---|
| Namens Appellant: | Adv DJ van der Walt SC<br>In opdrag van:<br>Webbers<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens Verweerder: | Adv S Grobler<br>In opdrag van:<br>McIntyre & Van Der Post<br>BLOEMFONTEIN |

/wm